SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 30 MEI 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL BHF/UHF FM-KOMPETISIE OP 5 JUNIE

DIE AMSAT SA DUBBELBAND 70 SM / 2 M YAGI MERK II NOU BESKIKBAAR

en

DIE MIDLANDS ARK VELDDAG

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE SARL BHF/UHF FM-KOMPETISIE OP 5 JUNIE

Die tweede SARL BHF/UHF FM-kompetisie duur van 12:00 tot 16:00 UTC (14:00 tot 18:00 SAT) op Saterdag 5 Junie met aktiwiteit op 6 en 2 meter en 70 sentimeter. Kontakte moet tweerigting punt tot punt wees. Stasies moet seinverslae uitruil sowel as hul volledige ses-syfer Maidenhead ruitblok. Stasies kan een punt per kilometer eis vir 'n kontak wat hulle gewerk het. Daar is ook 'n ruitvierkant vermenigvuldiger. Afstande word outomaties bereken as jy die SARL BHF/UHF-logstaat gebruik wat op die SARL Kompetisie blad beskikbaar is. Logstate moet teen 23:59 SAT op Sondag 13 Junie 2021 per e-pos ingedien word na sarlvhfuhfcontest@gmail.com. Lees die reëls op bladsy 50 van die 2021 SARL Blouboek.

DIE SARL BHF WERKGROEP

Die SARL BHF Werkgroep het Donderdag aand hul maandelikse vergadering gehou.

Die Bethlehem baken ZS0BET werk tans uitstekend en daar is reeds interessante verslae oor die werkverrigting van die baken, met sterk seine wat gehoor word gedurende onverwagte tye soos 3 uur in die oggend. Die baken word ook gerapporteer deur amateurs, wat selfs eenvoudige vertikale mobiele antennes gebruik.

Die vorige Gelyk Golf baken was ook in plekke gehoor waar dit nie verwag is nie, maar die nuwe gevorderde baken platvorm wat nou gebruik word, en wat ook 'n digitale PI4 modus sein uitsaai bring baie voordele omdat ons nou die baken op baie laer sein-tot-geraasvlakke kan dekodeer. Ons het ook nou die vermoëns om die baken te monitor en op te neem 24 uur per dag, 7 dae per week en 356 dae per jaar en jy hoef nie eens voor jou radio te wees nie.

Die BHF Werkgroep versoek nou dat alle amateurs, wie die vermoëns het om digitale modus te kan werk en die nodige alle-modus BHF radio, of selfs met 'n SDR ontvanger, na die baken te luister. Al wat nodig is om jou radio aangeskakel te hou en ingestem op 144.424 MHz HSB. Voer dan die audio na jou rekenaar se klank kaart en die PI-RX sagteware doen die res. Die sagteware sal automaties die PI4 sein dekodeer en in 'n lêer opneem. Maak 'n afskrif van die lêer en voeg jou roepsein en 6 karakter kaartverwysing by die naam van die lêer en stuur aan vhfnews@sarl.org.za.

PI-RX is 'n klein program wat met rekenaars werk met Microsoft Windows 7 of later en Microsoft .Net 4.0 geïnstalleer. Die minimum voorgestelde prosesseerder spoed is 1 GHz klokspoed en 512 MB geheue. PI-RX vereis ook dat jou rekenaar se tyd gesinkroniseer word met 'n aanlyn tydbediener, GPS of ander tyd toestelle. Meer inligting oor PI-RX en die program self kan verkry word op die webwerf van Bo Hansen OZ2M by https://rudius.net/oz2m/software/pi-rx/. Jy sal ook daar 'n skakel vind tot die sagteware se handleiding.

DIE AMSAT SA DUBBELBAND 70 SM / 2 M YAGI MERK II NOU BESKIKBAAR

AMSAT SA het Merk II van 'n dubbelband 70 cm / 2 m hand draagbare antenne bekendgestel met 'n nuwe handvatsel wat makliker is om vas te hou en verbeterde koaksiale beëindiging. Die Yagi is opgestel vir die beste prestasie in die amateur radio satelliet bande vir 2 m en 70 cm. Die koaks-kabel word met gekrimpte koper-punte beëindig in plaas van gesoldeer, wat die omgewings meer robuus maak. Die aangedrewe element is aangepas om die verandering in die verbinding aan te pas.

Meer oor die Yagi. Die antenna het 'n drywer wat vir 50 ohm ontwerpis. Die Yagi het 'n unieke element genaamd die 'Oop huls', wat 'n direkteur is wat baie naby aan die aangedrewe element is. Die aangedrewe element is vir 2 m ontwerp. As jy op 70 cm werk, dien die 'Oop Huls' as deel van die aangedrewe element op 70 cm (die derde harmoniese golf van 2 m).

Die oorspronklike konsep is in 1946 ontwikkel deur Dr J T Bolljahn van die Stanford Navorsingsinstituut, maar is eers in die vyftigerjare in amateur radio bekendgestel. Die AMSAT SA-weergawe is gebaseer op 'n ontwerp deur DK7ZB met wysigings deur WB5CXC. Die eerste Suid-Afrikaanse weergawe was 'n samewerking tussen Guy Eales, ZS6GUY en Gary Immelman, ZS6YI. Dit is ontwikkel vir YOTA 2018, waar jongmense die antenna gebruik het met handstelle om satelliete te werk.

Die meganiese struktuur is herontwerp deur Gary Immelmann ZS6YI. 'n Spoel rondom die boom is bygevoeg om die antenne van die koaks te isoleer en die effek wat menslike kontak op die antenna het, te verminder. Daar is 'n handvatsel aan die boom aangebring wat dit makliker maak vir die hanteerder om die antenna vas te hou en om dit verder te isoleer. Die AMSAT SA Yagi word vervaardig in een van Gary Immelmann se fabrieke in Vereeniging. Dit het twee elemente op 145 MHz en 3 elemente op 435 MHz.

Vir sy grootte, het die antenne 'n uitstekende wins: 145 MHz: 4,12 dBd of 6,3 dBi en 435 MHz: 6,23 dBd of 8,4 dBi. Die Yagi is breëband met gemete SWR byna plat oor al twee bande. Die antenne is "plug and play," geen gereedskap is nodig nie, behalwe om 'n koppeling aan die koaks te soldeer. Dit kom volledig in 'n drasak met volledige instruksies. Hierdie antenna kan binne enkele minute aanmekaar gesit word en uitmekaar gehaal word. Die prys van die MK II Yagi is R400 vir AMSAT SA en SARL-lede. Nie-lede betaal R500. Die koerier heffing beloop R120 (Postnet na Postnet). Kry 'n kwotasie vir ander koerier opsies. Vind meer besonderhede en die bestelvorm op www.amsatsa.org.za.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE MIDLANDS ARK VELDDAG

Die Midlands Amateur Radio Klub bied 'n velddag aan na baie jare se afwesigheid. Vier radioamateurs naamlik ZS5MAX, ZS5WA, ZS5BWY en ZS5KDK sal die veldstasie op Vrydag 4 Junie vir drie dae aktiveer. Op Saterdag 5 Junie sal omtrent helfte van die klublede by die veldstasie aansluit en aan die verrigtinge deelneem met 'n braai in die laatmiddag en sommige sal daar oornag kampeer. Sondagoggend tussen 10:00 en 11:00 sal die stasie opgeruim word. Die klub beoog om soveel kontakte moontlik onder die klubroepsein ZS5PMB te maak en ook die lede se eie roepseine te gebruik. Hierdie velddag is slegs die begin en die lede beplan om klubaktiwiteit te vermeerder en aan ander geleenthede in die toekoms deel te neem.

DIE WESRAND KATTEBAK VERKOPING OP 5 JUNIE

Die Wesrand Klub hou op Saterdag 5 Junie sy volgende kattebak verkoping met die hekke wat om 09:30 open. Om 'n staanplek te bespreek, kontak Phillip, ZS6PVT op selfoon 083 267 3835. Die Kattebak Verkoping vind plaas by die Klubhuis in Krotonstraat, Weltevredenpark en dra jou masker.

KOMPETIESIE NUUS

Die kompetisie komitee het 7 logstate ontvang vir die eerste been van die SARL BHF/UHF Digitale kompetisie wat op 8 en 9 Mei gehou is. Die langste afstand wat op 6 meter gewerk is, was 222 km en op 2 meter en 70 cm was dit 367 km.

1ste Carl Minne, ZS6CBQ - 28 340 punte Basis, Enkel-operateur

2de Pierre Lindeque, ZS4PF - 21 640 punte Basis, Enkel-operateur

3de Koos Greyvenstein, ZS6KSG - 10 698 Basis, Enkel-operateur

4de Christo Greyling, ZR6AUI - 10 202 punte Enkel-operateur / Veld

Die ZS3 Naelloop is goed ondersteun op 16 Mei 2021 met 34 logstate ontvang wat toon dat 135 amateurs deelgeneem het en meer as 900 QSOs gemaak is. Al die amateur radio klubs in die Noord-Kaap wil almal bedank wat deelgeneem het en hul logstate ingedien het. Die uitslag vir die uur-lange Naelloop is:

1ste Woody Collett, ZS3WL - 86 punte

2de Theunis Potgieter, ZS2EC - 67 punte

3de Steve Brooks, ZS3SB - 63 punte

4de Helmar Otto, ZS1H - 57 punte

Agt-en-twintig logstate is ontvang vir die SARL 80 m Klub Naelloop wat op Woensdag 19 Mei gehou is. Daar is 267 QSOs gemaak in 155 ruitvierkante en 110 Klubs.

1ste Wesrand ARK - 301 punte

2de die Boland ARK - 250 punte

3de die Noord-Kaap ARK - 150 punte

Individuele tellings

1ste David, ZS1DDK - 71 punte

2de Romeo, ZS6ARQ - 61 punte

3de Hans, ZS6KR en Nick, ZS1N - 59 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot matig gaan wees. Tans is daar twee sonvlekgroepe met gematigde magnetiese samestellings sigbaar en daar word C-klas sonfakkelaktiwiteit verwag. Daar is ook ’n moontlikheid van M-klas sonfakkels.

Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan ’n verwagte effektiewe sonvlektelling van vyf vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sonsopkoms en laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

4 tot 6 Junie – die Midland ARK Velddag

5 Junie – SARL BHF/UHF QSO Geselligheid

13 Junie – Hammies Naelloop

16 Junie – Jeug Dag; SARL Jeug Naelloop

17 Junie – Wêreld QRP Dag

19 Junie – SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop

20 Junie – Vadersdag; All Asian GG Kompetisie

22 tot 25 Junie – die SARL Top Band QSO geseligheid

26 tot 27 Junie – die ARRL Velddag

1 Julie – Registrasie vir Oktober RAE open

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Die tweede SARL BHF/UHF FM-kompetisie duur van 12:00 tot 16:00 UTC (14:00 tot 18:00 SAT) op Saterdag 5 Junie met aktiwiteit op 6 en 2 meter en 70 sentimeter. Kontakte moet tweerigting punt tot punt wees. Stasies moet seinverslae uitruil sowel as hul volledige ses-syfer Maidenhead ruitblok.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Deon Erwin ZS1ZL en gelees deur .....

Van die nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.